

OOOR TIENDES

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Vraag: Hoe balanseer mens die gee van tiendes en die eise van die ondersteuning van jou gesin? Kan van die geld wat my tiende uitmaak eerder aan behoewiges gegee word as die kerk? Wat maak die kerk met geld ontvang van lidmate as tiendes?

Antwoord: So 'n paar punte in antwoord...

1. Die Nuwe Testament maak fisiese tiendes nie verpligtend nie. Hoekom nie? Omdat Jesus dit verstaan as deel van daardie godsdiens van die Fariseërs waar dooie objekte (geld, items) aan God gegee is met die verwagting dat dit die gewers se godsdienstige status sou verhoog (lees gerus Lukas 18:9-14). Daarom dat Jesus in Matteus 23 in geen onduidelike taal nie die Fariseërs, as die heel strengste gewers van tiendes wat selfs al tiendes van kruistement en koljander gee, uitwys as diegene wat die eintlike gehoorsaamheid aan die wet versaaak. **Die primêre doel van die wet van God is nie om reëls te onderhou nie, maar om nuwe verhoudings met God en ander te handhaaf.**

2. Vir die N.T. is **ons ganse lewe nou 'n lewende tiende**. Om dus net nog oor tiendes te gesels as afgeweege geld tot op die letter is om moontlik selfs weer 'n gevangene van dit te word waarteen Paulus in Kolossense 2 waarsku, naamlik 'n wettiese, uiterlike godsdiens. **Nou is ons hele lewe 'n lewende offer aan God (Rom 12:2). Daarom gee ons, wanneer die Here dit van ons vra, nie net 'n tiende nie, maar sommer 50%, soos 'n Saggeus (Lukas 19), of selfs 100%, soos die arm weduwee (Lukas 21).**

3. **Die nuwe norm van die Nuwe Testament is dat Jesus alles vir ons gegee het, daarom is die hart van Christus nou in ons binneste wat maak dat ons alles vir Hom en ander gee (Fil 2:1-11).** Jesus wat ryk was, het t.w.v. ons arm geword sodat ons wat arm is in Hom ryk is (2 Kor 8:9). Daarom kan ons weggee. Geen wonder dan nie dat Paulus in 2 Kor 8:1-5 verwys na die Masedoniese Christene wat hulleself eers aan God en toe aan Paulus gegee het toe hulle 'n geldelike bydrae wou maak vir die arm Christene in Jerusalem. **Die nuwe roete is dus om jouself te gee as 'n offer. En offers maak seer. Dit vra alles. Daarom is my tiende nie net meer my geld nie, maar ook my tyd, talente, energie en diens.** My tyd en my talente is ook deel van my lewende tiendes wat ek weggee.

4. Die nuwe beginsel vir Christelike gee, is in Handeling 20:35 waar Paulus (wat vantevore 'n wetsgehoorsame Fariseer was, maar glad nie meer tiendes voorskryf as hy oor geld in sy briewe skryf nie) meld dat hy hard gewerk het sodat die armes ook iets het om te eet. Kortom, ek moet ook werk sodat ek geld het om vir die armes te gee. Ek dien hulle deur 'n feesmaal vir Jesus se gunsteling mense – die armes, kreupeles, lames en blindes van Lukas 14 – aan te lê. **My geld word nou nie net op myself gespandeer nie, maar op die armes ook.**

5. **Kortom, dit lyk asof die tiendes van die O.T. na die N.T. skuif van blote geld of oeste of besittings wat ek gee, na my ganse lewe as tiende.** Alles wie ek is en wat ek gee is offers. Dit moet my iets kos. Maar ek moet nie met 'n skuldige gewete opgeskeep sit en meen ek moet geld, soos die Fariseërs afweeg en meet nie. Dan koop ek my gewete af as ek meen ek het getrou my geldelike tiende gegee. **Jesus vra meer. Hy vra myself as lewende offer.**

Ds Leon Tait



LEEF MET VERTROUEN IN 'N TUIMELDROEËR LEWE - Ps. 37:1-8

'n Seuntjie kom by troetelwinkel en vra watter seep die beste sy kat sal skoonwas, Omo of Surf? Die tannie antwoord vinnig "Nee! dit sal jou kat doodmaak, was liever met hierdie spesiale kat-shampoo". Volgende dag is seuntjie terug met betraande oë "tannie die shampoo het nie gewerk nie, my kat is toe dood". Toe sy vra wat gebeur het antwoord hy "alles het goed verloop totdat ek die kat in die tuimeldroeër gesit het, toe het die shampoo nie meer gewerk nie en is hy dood".

Vir ons voel dit ook soms of ons in 'n tuimeldroeër-lewe ons self bevind. Met allerlei dinge wat ons omkrap en net skeefloop. Die psalmdigter ken ook hierdie soort lewe en hy het belangrike ontdekkings gemaak wat hy met ons wil deel sodat ons tog kan oorwin in hierdie lewe. Die psalmdigter sê ek en jy het altyd die keuse tussen *verhit of vertrou!*

Verhit is om omgekrap te raak, te kwel en ontsteld te raak oor alles om ons of ons kan vertrou. Hoe kan ons dit regkry om met vertroue te leef? Wat behels dit prakties?

1 Doen wat goed is (vers 3a): Bly op koers!

Hou aan om die regte ding te doen wat die Here verwag al voel jy hoe en al gaan dit moeilik. Die regte en goeie ding om te doen, kan jy altyd toets aan die liefdesgebod (wil van God). Dit wat uitdrukking gee aan jou liefde vir God en jou liefde vir jou medemens!

2 Woon en werk rustig voort (vers 3c) Bly in pas met God!

Leef hier en nou voluit vir Hom. Blom hier en nou vir Hom. Moenie toelaat dat gister of môre jou gedrag vandag bepaal nie. Moenie God vooruit hardloop of teen so 'n mal tempo leef dat jy nie nou God se stem kan hoor nie. Leef een-dag-op-slag-spoed saam met God.

3 Vind jou vreugde in God (vers 4) Bly op God gefokus!

Wat is jou bron van vreugde? Geld, voorspoed, gesondheid of min probleme? Dit gaan nie hou nie! Die enigste vreugde wat hou is vreugde waarvan God alleen die bron is. Onthou hoe hoër die vlak van jou kwelling hoe laer die vlak van jou vreugde. Moeder Theresa het aangrypende waarheid kwytgeraak: Let no one come to you without leaving better and happier.

4 Laat jou lewe aan die Here oor (vers 5) Bly afhanklik van God!

Gee alles elke dag vir die Here. Laat Hy dit hanteer. Hy kan en wil. Laat Hom God wees en moenie self probeer alles hanteer nie. Moenie God se werk probeer doen nie. Hudson Taylor het gesê: let us give up our work, our plans, our loved ones, our influence, our all, right into the hands of God and then when we have given all over to Him, there is nothing left for us to be troubled about.

5 Daarom moet jy in stilte vertrou (vers 7) Bly rus in God!

Wanneer ons Hom vertrou gebeur dit met kalmte en geduld! Moenie skarrel en onrustig of selfs angstig oral en almal se opinie vra nie. Bly rus in die Here, want net Hy kan rus en vrede gee al beleef ons wat.

6 Laat staan woede (vers 8) Bly sonder woede!

Wanneer ons opgeklits raak en emosies hoog loop dan speel ons in die hande van 'n tipiese tuimeldroeër-lewe, want daar is genoeg elke dag in ons lewe om ons oor te ontstel. Kies om sonder woede te leef.

Die keuse is ons s'n, om verhit te word as slagoffer van die tuimeldroeër-lewe of te vertrou en saam met die Here 'n vreugdevolle lewe te leef.



Ds Leon van Heerden

!! ONTHOU DATUMS !!

- ◆ **7 Nov:** Dankofferfees
- ◆ **14 Nov:** Doop
- ◆ **21 Nov:** Kategese afsluiting @ 9:00
- ◆ & Jeugfees & Jeugafsluiting @18:30
- ◆ **28 Nov:** Kerssagdiens & Gemeente-tee

Sien jou daar!



BOOMSLOPING en snoei van bome & struik. Kontak Ernst by 083 656 4992

WOONSTEL (Granny flat) te huur in Môregloed 1 Slaapkamer, sitkamer, kombuis, badkamer & buite waskamer. R2750.00 p/maand, water & ligte ingesluit. Kontak Pieter 082 444 1112

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Skakel 083 235 0236

MUFFINS

Bacon & Kaas @ R36 p/dosyn
Chock & Chock Chip @ R30 p/dosyn
Wit met Rosyne @ R30 p/dosyn
Nutty wheat & Rosyne @ R36 p/dosyn
Wit met Chock Chip @ R36 p/dosyn

Ideaal vir vergaderings, verjaarsdae, funksies en enige ander geleentheid!



Bestellings: Skakel Anne-Marie van Zyl by 072 238 8932

Value Odds & Ends Construction

Spesialiseer in:

Plaveisel (niks te groot of te klein) / Teëlwerk / Algemene Bouwerk / Opknapping / Verbeterings / Verfwerk / Loodgieterswerk / Elektriese werk / Veiligheidsheininge & Hekke / Staalwerk / Afdakke

BETROUBAARHEID & KWALITEIT GEWAARBORG!!

Tel: (012)335-4949
Faks: (012)335-1169

Voortrekkersweg 899, Wonderboom-Suid

Simon 083 686 5676

In gesprek met Elna Nel (du Plessis)

As daar een persoon in die Gemeente is wat almal ken, is dit beslis Elna. Sedert sy op 1 Julie 2006 voltyds by ons Gemeente in diens getree het as Skriba, behartig sy nie net slegs hierdie taak met onderskeiding nie, maar moet sy ook altyd almal te woord staan wat by die kerkkantoor kom aanklop.



Elna is gebore in Prieska in die Noord Kaap. Sy het gematrikuleer aan Bloemfontein Sentraal Hoërskool. Na skool het sy 'n onderwys kwalifikasie verwerf aan die Bloemfonteinse Onderwys Kollege. Latere jare het sy ook 'n BA graad met sielkunde as hoofvak aan UNISA verwerf. Gedurende haar werksloopbaan het sy onder andere by die bestel afdeling van die Universiteit van Pretoria se biblioteek gewerk en was sy ook as personeel beaampte werksaam by die WNNR se wiskunde afdeling.

Elna is getroud met Kobus en saam het hulle drie dogters (sy een en hy twee) uit hulle onderskeie vorige huwelike. Haar eie dogter is tans 'n vyfde jaar student verbonde aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria.

Elna wat self as 'n jong mens haar hart aan die Here gegee het, het 'n baie sagte plek vir hulp behoevende kinders en in hierdie verband bedryf sy en 'n vriend sedert 1999 'n welsynsprojek in Jan Niemandpark.

Sou jy Elna wou bederf kan jy enige tyd vir haar vars vis en griekse slaai voorsit. Haar gunsteling kleur is rooi en haar stokperdjies sluit in naaldwerk, die luister van klasieke musiek, lees en sy is ook geïnteresseerd in tale. Nog iets wat haar baie na aan die hart lê is wanneer haar man vir haar sing onder kitarbegeleiding of as hy vir haar op die saksofoon speel.

'n Ideale dag vir Elna sal wees om op Hartenbos of Berton on Sea op die strand te wandel.

Elna het 'n baie unieke persoonlike leuse naamlik "Die kat land altyd op sy voete". Vir haar persoonlik beteken dit dat dit nie saak maak wat op 'n mens se pad kom nie, jy sal altyd deur middel van Sy genade heelhuids anderkant uitkom.

Elna die Gemeente vertrou dat jy nog vir baie jare getrou op jou pos sal wees.

c'nanru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



Akriel Naels
Sorelle Carstens

Prys

Volstel naels: R250,00

Opvul van naels: R140,00

Gel op toomnaels: R120,00

Kontakbesonderbede:

072-172-0145



Vakansie huis te huur - Durbanville

Lieflike ten volle toegeruste 3 slaapkamer woonhuis binne sekuriteitskompleks in sentraal Durbanville +/- 20km van see en stad.

R750.00 per dag
Maksimum 5 persone

Geen diere toegelaat, geen bedien-dekwartiere.

Tydperk beskikbaar: 18 Des 2010 tot
4 Jan 2011.

Minimum tydperk: 10 dae

Skakel Jan - 083 236 8073


TAAKSPAN VIR EREDIENS

EREDIENS? Wat is die kerk?

“Kom ons gaan Sy woning binne, kom ons buig daar in aanbidding voor Hom. Saulus het die kerk probeer uitroei. Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit. In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk en die ledetal het toegeneem. Julle het immers gehoor van my optrede toe ek destyds nog 'n aanhanger van die Joodse leer was. Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer uitroei. Aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid”.

Die aanhalings wys daarop dat die **kerk** van Jesus nie Rietfontein-Suid gebou is nie – maar al die mense wat in die lewende Jesus glo en Hom as hulle verlosser erken. Die erediens is waar ons Hom aanbid, eer betoon en prys. In die erediens leer ons van Jesus, ryk uit na ander mense en vertel hulle van Jesus. Ons verwelkom vreemdelinge in Jesus liefde by die deure van en in ons geboue. Ons betoon eer aan Hom deur ons lofprysing. Die bediening van die Woord aan die kerk is gegrond op dit wat die Heilige Gees aan ons leraars openbaar.

Tommy Rademeyer



Gebed-Rietfontein-Suid

AKSIES TANS:

Gebedskring: is die hart van gebed vir die gemeente.

Tyd: Sondag 17h30 – 18h30

Ons wil graag klem lê dat dit nie net vir bidders is nie, maar ook vir saamstemmers in gebed. Die idee is dat jeug hierdie geleentheid ook moet bywoon.

NB: Soek nog iemand/skakelpersoon, wat die gebed vir die maandblad se advertensie sal deurgee, vir die jeug.

Coram Deo Diens:

1 keer per maand op Sondag om 17:30.

Projek om die lokale, veral die Oase reg te maak vir die gebeds geleentheid; om die atmosfeer van die lokaal meer in die stemming van gebed te kry. Die idee is om dit in 'n kapel te omskep.

Gebedsketting:

Elke Woensdag, elke 20 min, bid iemand vir ons gemeente en spesifieke gebedsake; Tannie Alet Briers kan geskakel word by 012-3311311 of sms 0796809255.

Gebedskamer:

Vir Sondag oggende en ander kleiner gebedsgroepe; vrouetaakspan en eien-dom is amper klaar met die opknap van die kamer.

Gebedskalender:

Casper Erasmus doen hierdie op die kerk se webwerf. Besoek die webwerf gerus www.rietfontein-suid.ng.org.za.

Gebed voor erediens:

Ope geleentheid vir almal; enige tyd wat jou pas, vanaf 8h00 tot voor 9h00 as erediens begin.

Gebedsllyn:

Tannie Alet Briers gaan steeds voort hiermee, word deurgegee vir Jeanette de Beer by die kerkkantoor asook krisis gebedsversoeke.

Jeug krisisllyn - steeds beskikbaar; 0825696590, sal ook nodige sms deur hierdie kanaal laat gaan.

Taakspan vir Omgeegroepe Taakspan vir Omgeegroepe

HOE BELANGRIK IS OMGEEGROEPE?

“A Christian without a small group is an orphan. You need a small group. *“Let us encourage one another daily.”* You need to get together in a small group at least weekly where you can share needs and problems, where you care and pray for each other”.

RICK WARREN

“Jy kan nie bekostig om nié in 'n selgroep te wees nie.”

LOUIS BRITZ

“Die omgeegroepe het van 'n nederige begin gegroei tot 'n magtige struktuur en kragtige instrument wat die hele gemeente se toekoms ten goede verander het. Al hoe meer kerke en gemeentes ontdek die seën van kleingroepe. Dit is deel van Sy plan vir die organisasie van Sy kerk”.

DS DIRKIE VAN DER SPUY

Gal. 6:2: “Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus”.

**OMGEE VERDUBBEL JOU VREUGDE EN HALVEER
JOU LASTE!**

VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE- TAAKSPAN:

*Om deur omgee-
verhoudinge in omgee-
groepe mekaar te help om
te groei tot praktiese en
gehoorsame navolgers van
Christus.*



Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

HOU AAN GOD SE EIE HAND VAS

*Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.
- Jes 41:10*

Hierdie skrifgedeelte is baie nuttig in hierdie tye waarin ons leef - met soveel dinge wat gebeur en vrees wat so algemeen is. God se hand red - en as ons as sy kinders aan Hom vashou, sal ons gered word. Ons sal oorwin, want ons is kinders van die Allerhoogste God.

Jesaja 27:5 (1933-vertaling) sê: "Hulle moet my beskutting aangryp." Ek het baie keer aan hierdie skrifgedeelte vasgehou gedurende my stryd met kinder. Toe ek op my swakste gevoel het, het ek opgekyk en gesê: "Here, ek gryp nou na u beskutting." Deur aan sy hand vas te hou, is ek gered. Ek is bly dat ons deur Jesus oorwinnaars word.

Vader, ek is so dankbaar dat ek nie bekommerd of bang hoef te wees wanneer ek aan u hand vashou nie. Ek kan deur U versterk word en ook 'n oorwinnaar wees. Help my om altyd u hand vas te hou en U toe te laat om my te red.

Dodie Osteen

ELITE RESTOURASIE & INSTANDHOUDING

◆ ALGEMENE VERFWERK:

Binne en buite mure, plaveisel, dakke ens.

◆ WATERDIGTING:

Dakke, mure en afdakke.

◆ LOODGIETERSWERK:

Instalasië van stortbaddens, baddens, wasbakke en toilette.

◆ BOUWERK:

Teeelwerk en algemene bouwerk.

◆ SEKURITEIT:

Instalasië van lemmetjiesdraad en sekuriteitsheininge.

Ek bied u:

Persoonlike toesig ten alle tye. Vyftien jaar ondervinding. Betroubare verwysings van werk deur my verrig. Professionele werkmanskap en diens van hōe gehalte. Gratis kwotasie sonder enige verpligting. Sewe jaar waarborg op vakmanskap en produkte.

Vir meer inligting skakel:

Johan van Rensburg: 082 580 1611 of Arrie Putter: 083 262 0187/ 012 329-0471

Ek is bekend vir eerlikheid, betroubaarheid en tevredenheid.



Gebed-Rieffontein-Suid

PROJEKTE EN AKSIES WAT BEPLAN WORD VIR 2011:

JEUG: Woensdae se gebeds-Kairos-groepie wil aangaan; Christelle Lammertyn en Sumari Moore gaan tyd en plek weer vasmaak. Christelle is dan ook amptelik skakel vir gebed vir die jeug. SMS haar by 0724851460 indien enige navrae.

GEBEDSTOERUSTING: Tannie Alet gaan reël met Jerigo mure vir 'n seminaar vir gebed. Sy het 7-8 Sept 'n gebedseminaar bygewoon. Hierdie toerusting sal eers deur die gebedstaakspan se bestuur, bestudeer word.

GEBEDSPAN: Moontlike gebedspanne wat tydens eredienste en na eredienste saam bid met gemeentelede wat behoefte het.

GEBEDSMAATS / DRIELINGE: Ons wil hierdie graag aanmoedig in die nuwe jaar.

GEBEDS TYDENS PINKSTER: Gesamentlike 10 dae van gebed in die tyd en ook in die ander aksies bid hiervoor/ ook in dieselfde tyd bid vir herlewingsweek. Tannie Alet hanteer steeds die gebedssaak. Sy wil graag die jeug ook betrek.

BOILERROON PROJEK: daar is besig om gekyk te word na opsies en spasies/lokale se gebruik en beskikbaarheid.

GEBEDS VAS EN BIDDAG: Ons wil graag so 'n Biddag reël by ons kerk.

GEBEDSVERSOEKE: Elke Sondag mandjies voor in die kerk vir versoeke. Die eerste Sondag van elke maand: danksegging briefies, wat die ds. dan sal lees tydens die diens.

Daar is heelwat mense wat hierdie versoeke spesifiek kry om voor te bid, dit word konfidensieel hanteer.

GEBEDSTAAKSPAN

Karin van Schalkwyk, Elzet Muller, Zelde Becker en Alet Briers

Jeug: Christelle Lammertyn



NUWE LIDMATE



Egbert & Petro Uys

Cornelia, Tiaan & Johan Breytenbach



Annette Fryer



Toni Roberts



Dewaldt & Marina Slippers



Elphia Kotze



Sarie Muller & Hein de Beer



Gerda Coetzee



Stephanie Mc Menamin